# Global Leadership Academy – Skooluniform Beleid

Terwyl ons hierdie beleid met u deel, is dit ons hoop dat leerders in die eerste plek sal evalueer hoe hulle hulself en Global Leadership Academy verteenwoordig deur die dra van ons skooluniform.

Die waarde van respek maak deel uit van die belangrikheid van ’n skooluniform en kommunikeer nie slegs wie ons as skool is nie, maar ook dit wat die leerder waardeer en nastreef.

Oorweeg dit sorgvuldig dat die mate waartoe die Skooluniform beleid nagekom word, uiteindelik ’n invloed sal hê op jou eie ontwikkeling sowel as op die indruk wat die publiek vorm van wie ons as skool is.

Hierdie beleid is gefinaliseer ná konsultasie met die GLA Verteenwoordigende Raad van Leerders, die GLA Ambassadeurs, asook die personeel van GLA. Om te verseker dat hierdie beleid relevant, toepaslik en op datum bly, sal dit gereeld hersien word en is dit dus onderhewig aan veranderinge.

Ons skooluniform bied ’n reeks opsies, en leerders word aangemoedig om volgens hul persoonlikheid aan te trek, op voorwaarde dat die uniform streng beperk bly tot die amptelike skooluniform en nie verander of gemanipuleer word nie.

| Dogters Uniform Besonderhede | Seuns Uniform Besonderhede |
|---|---|
| • GLA rooi, swart of wit hemp met ’n kraag, netjies ingesteek<br>• Skooldas (Rooi / Oranje / Swart)<br>• GLA-romp (Swart / ‘*Stone’*). Neem asseblief kennis dat die romp ontwerp is om op die heup te sit en nie hoog op die middellyf nie. Dit sal slegs die korrekte lengte hê indien dit korrek gedra word.<br>• Swart, reguitbeen, formele broek (Geen *jeans* / geen noupassende broeke of *leggings* nie)<br>• Formele GLA-baadjie / -truie / -*pullover* / Billabong-top / swart en rooi GLA-top / rooi *Soft Shell*<br>• Netjiese swart skoolskoene met swart veters of ’n gespe<br>• Swart sokkies word saam met swart broeke gedra<br>• Wit sokkies of gewone swart kouse word saam met ’n romp gedra<br>• Skoolserpe<br><br>**Oorringe (Gaatjies)**:<br>• Leerders mag een klein silwer- of goue oorring/*stud*, of ’n klein diamanté- of pêrelknop per oor aan die onderkant van die oorlel dra.<br>• Geen ander sigbare oorbelle word toegelaat nie.<br>• ’n Deursigtige stokkie (*pin*) mag gebruik word om ’n tweede gaatjie oop te hou.<br><br>**Naels**:<br>• Deursigtige naellak met netjies geknipte naels word toegelaat (nie langer as die vingerpunte nie).<br><br>**Hare:**<br>• Netjiese, gepaste bykomstighede in enige van die skoolkleure — wit, swart, oranje of rooi — word toegelaat.<br>• Wanneer hare bo skouerhoogte gestileer en los gedra word, mag dit onder geen omstandighede die oë of gesig bedek nie.<br>• Hare wat skouerhoogte raak of langer is, moet netjies vasgebind wees.<br>• ’n Natuurlike haarkleur word toegelaat.<br>• Natuurlike vlegsels binne dieselfde haarkleur word toegelaat. Een enkelkleurige kraal word aan die onderpunt van die vlegsel toegelaat.<br>• Netjiese en goed versorgde dreadlocks word toegelaat, mits dit volgens bogenoemde riglyne gestileer is.<br>• Vryvorm-Rastafariese dreadlocks word nie toegelaat nie.<br>• Undercuts word nie toegelaat nie.<br><br>**Juwele:**<br>• Slegs polshorlosies en mediese armbande word toegelaat. Geen ander juweliersware word toegelaat nie.<br><br>**Algemeen:**<br>**• Geen grimering word toegelaat nie.**<br>**• Matriekdogters mag ligte onderlaag en maskara dra.**<br>**• Geen sigbare tatoeëermerke word toegelaat nie.** | • GLA wit of swart hemp met ’n kraag, netjies ingesteek<br>• Skooldas (Rooi / Oranje / Swart)<br>• Swart of ligte *stone*, regte pasvorm, lang chino-broek<br>(Geen *jeans* / geen noupassende broeke nie)<br>• Swart of ligte klipkleur chino-kortbroek<br>• Formele GLA-baadjie / -trui / -pullover / Billabong-top / swart en rooi GLA-top / rooi *Soft Shell*<br>• Netjiese swart formele skoolskoene met swart skoenveters<br>• Swart of ‘*stone’* sokkies<br>• Swart gordel<br><br>**Ooringe (Gaatjies)**:<br>• Geen sigbare oorbelle/gaatjies word toegelaat nie. ’n Deursigtige stokkie (pin) mag gebruik word om ’n gaatjie oop te hou.<br><br>**Hare en Baard:**<br>• Geen haarbykomstighede word toegelaat nie.<br>• Leerders mag hul hare stileer mits dit netjies en versorg is.<br>• Die natuurlike lengte van die hare mag nie aan die kraag raak, oor die ore hang of oor die wenkbroue hang nie.<br>• ’n Natuurlike haarkleur word toegelaat.<br>• Geen ingryping om die sigbare lengte van die hare te beperk, word toegelaat nie.<br>• Reguit-agter cornrows wat aan bogenoemde vereistes voldoen, word toegelaat.<br>• Leerders moet skoon geskeer wees, met geen aanduiding van ’n baard, bakkebaarde of ’n snor nie.<br><br>**Juweliersware**:<br>• Slegs polshorlosies en mediese armbande word toegelaat. Geen ander juweliersware word toegelaat nie.<br><br>**Algemeen**:<br>• Matriekseuns word toegelaat om hul baarde te laat groei vanaf een week voor die matriekafskeid.<br>• Geen sigbare tatoeëermerke word toegelaat nie. |

**Formele Drag:**

• Formele drag behels die dra van ʼn das saam met ʼn hemp met ʼn kraag. ʼn Formele GLA-baadjie of -trui kan bygevoeg word.

• Formele drag is verpligtend op ELKE Maandag of op die eerste dag van die kwartaal, asook wanneer leerders die skool verteenwoordig.

• Geskikte leerders mag op Maandae ʼn formele Provinsiale of Nasionale Kleure-baadjie en -das dra.

• Billabong-toppe, swart en rooi GLA-toppe, asook Soft Shell-baadjies vorm nie deel van formele drag nie.

• Die GLA-formele baadjie mag slegs gedra word met ʼn trui-speld (badge/pin) of skoolgoedgekeurde kentekens. Geen ander kentekens of spelde word toegelaat nie.

**Neem asseblief kennis:**

Skooluniform moet gedra word wanneer leerders ekstra klasse bywoon of enige ander vergadering bywoon wat hul teenwoordigheid by die skool vereis.

**Lewensoriëntering Prakties:**

• Eenvoudige swart PT-kortbroeke of sweetpakbroeke
• Swart / Geel / Rooi / Oranje gholfhemp of T-hemp
• Geen tights of toppe met spaghettibandjies nie.
• Indien u nie gemaklik is om PT-kortbroeke te dra nie, mag tights onder die kortbroeke gedra word.

**Drama- en Kunsleerders:**

• Leerders mag slegs ʼn gepaste swart praktiese uniform dra, soos deur die onderwyser gekommunikeer, gedurende formele skoolure en slegs wanneer hulle met praktiese opleiding en repetisies besig is.

**Kampe, atletiekdae en wanneer sivvies by die skool gedra word:**

**Dogters:**

• Neem asseblief kennis dat toppe met spaghettibandjies, tank toppe of hot pants nie toegelaat word nie.
• Gepaste onderklere moet te alle tye gedra word.
• Bikinis word slegs toegelaat indien ʼn top en kortbroek daaroor gedra word om beskeidenheid te verseker. Volledige swemdrag met ʼn kortbroek word aanbeveel.

**Seuns:**

• T-hemde moet te alle tye gedra word, behalwe tydens swem.
• Speedos en oorgroot tank toppe word nie toegelaat nie.
• Maak asseblief seker dat onderklere nie bo die middellyfband van broeke sigbaar is nie.